Baardaasvoël projek

ENDANGERED WILDLIFE TRUST
BIRDS OF PREY PROGRAMME
conservation in action

Agtergrond

Die Baardaasvoël *Gypaetus barbatus meridionalis* is 'n groot, alleenlewende voël wat hoofsaaklik bergagtige gebiede bewoon. In suider Afrika het 'n drastiese afname in die getalle en gebied van die Baardaasvoël gedurende die afgelope eeu gelei tot n geïsoleerde populasie wat beperk is tot die Maloti-Drakensberge.

As gevolg van hierdie beperkte habitat en verskeie bedreigings wat deur die mens veroorsaak is, is die Baardaasvoël as "Bedreig" geklassifiseer in die Rooidataboek.

Hierdie projek is gedurende 2000 begin deur Ezemvelo KZN Wildlife met die aanvanklike doel om neste te moniteer om vas te stel wat die bevolkingstatus is. Hierdie projek word tans gekoördineer deur die Baardaasvoël Taakspan van die Endangered Wildlife Trust Birds of Prey Programme. Die projek word uitgebrei om die implimentering van verskeie aksies in te sluit om die bedreigings van hierdie spesie aan te spreek. Die projek het 'n groep entoesiastiese en toegewyde vrywilligers wat die Baardaasvoël regdeur hul gebied in Lesotho en Suid-Afrika moniteer.

Doelstellings van die projek

Die hoofdoel van die Baardaasvoël Taakspan is om samewerking te verseker tussen Lesotho en Suid-Afrika en om die aksies toe te pas wat deur die Baardaasvoël bewaringsplan geïdentifiseer is. Die suksesvolle toepassing van hierdie aksies sal verdere afnames in die getalle en gebied van die Baardaasvoël voorkom.

Die projek poog om:

- 'n Akkurate skatting van die bevolkingsgroottee broeisukses van die Baardaasvoël in suidelike Afrika te verkry.
- Enige bedreigings te identifiseer en aan te spreek, soos 'n afname in habitat en voedingsbronne, vervolging deur mense en versteuring by neste, vergiftiging en botsings met kraglyne.
- Die vestiging van voedingsplekke regdeur hul gebied aan te moedig om sodoende 'n gereelde bron van 'veilige' kos te verseker.
- Die oorlewing van hierdie spesie te verseker deur ten minste 'n deel van hul broei- en weigebiede te beskerm deur samewerking met bewaring-sorganisasies en grondgebruikers.

Meer oor hierdie bedreigde voëls

Die Baardaasvoël is 'n gespesialiseerde spesie wat betref sy habitatvereistes en voedselkeuse. Hulle verkies bergagtige gebiede weg van menslike versteuring en as gevolg hiervan is Baardaasvoël-populasies gewoonlik klein en geïsoleerd. Hulle broei hoofsaaklik in gate op basalt-kranse teen 'n hoogte van meer as 2 000 m bo seespieël. Broeisukses is goed, maar die jong voëls vrek dikwels voordat hul volwassenheid bereik. Volwasse voëls het egter 'n hoë oorlewingskoers. Baardaasvoëls is aasvreters wat groot afstande aflê en hulle word dikwels buite beskermde gebiede aangetref. Die Baardaasvoël was voorheen die "Lammergeier" genoem, want daar is gedink dat hulle lammers vang. Hierdie veronderstelling is egter verkeerd, want hulle voed uitsluitlik op bene van karkasse en jag glad nie en maak ook nie prooi dood nie.

Aktiwiteite van die Baardaasvoëlprojek Monitering:

Intensiewe monitering word tans gedoen om akkurate data van die grootte en gebied van die broeipopulasie te bekom. Monitering word ook gereeld gedoen by uitgesoekte slaap en eetplekke regdeur die spesie se gebied om inligting te versamel oor die ouderdomstrukture en habitatgebruik van die spesie.

Optekening van broeiaktiwiteit
Nesmoniteerders is ‘n groep vrywilligers en ander belangstellendes wat die broei-aktiwiteite gedurende die broeiseisoen opteken. Alle waarnemings word in die aasvoëldatabasis opgeneem. Hierdie is noodsaaklike inligting om aan die bewaringspogings rigting te gee.

Volg van bewegings
Gedurende 2007 het die Baardaasvoël Taakspan satellietsenders aan drie individue gesit om sodoende meer inligting oor hul bewegingspatrone, asook die oorsake van sterftes onder jong voëls te bekom. Die projek se aktiwiteite sluit ‘n uitgebreide, opvoedkundige bewusmakingsprogram in, wat saam met die poging om die bedreigings van die spesie aan te spreek, baie kan help om hul oorlewing te verseker.

Jy kan help om die oorlewing van die Baardaasvoël te verseker!

- Help om die mite uit te roei dat hierdie voëls “lammers vang”.
- Moenie hierdie voëls doodmaak nie; hulle bedreig nie jou kleinvee nie
- Moenie vergiftigde karkasse uitplaas om hierdie voël of ander diere dood te maak nie.
- Werk saam met die bewaringsowerhede om aasvoëlvoerplekke te vestig.
- Rapporteer alle aasvoëlwaarnemings aan die projekkoördineerder.
- Kyk uit vir gemerkte voëls (gebleikte vlerkvere).
- Word ‘n nesmoniteerder.
- Neem deel aan die jaarlikse Aasvoëlbewusmakingsdag wat op die laaste Saterdag van Augustus gehou word.
- Borg die satellietopsporing van ‘n aasvoël om waardevolle wetenskaplike inligting te versamel.

Teks deur Sonja Krüger; vertaal deur Ronelle Visagie

Vir verdere Inligting kontak asseblief die

Endangered Wildlife Trust
Birds of Prey Programme E-pos: raptor@ewt.org.za
Private Bag X11, Modderfontein, 1645, South Africa
Telefoon: +27 11 372 3600
Faks: +27 11 608 4682
www.ewt.org.za